


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Sadoth

## 20 Februarie

(sterf 342)

Sy Persiese naam was Schiadustes (wat koningsvriend beteken). Hy volg in 341 het heilige martelaar Simeon op as biskop van Seleukia-Ctesiphon, die twee hoofstede van die destydse Persiese ryk aan die weerskante van die Tigrisrivier. Koning Sapor II het 'n edik uitgevaardig wat dit met die dood strafbaar gemaak het om 'n Christen in die Persiese ryk te wees. Die meeste Christene het die land verlaat of gaan skuil, die nuwe biskop Sadoth inkluis. In 'n visioen word dit egter aan hom bekend gemaak dat die tyd vir hom aangebreek het om sy Heiland met sy bloed te bely. Op 'n dag toe die koning Seleukia besoek het Sadoth en 127 ander gelowiges in die openbaar hul geloof bely. Hulle is in die gevangenis opgesluit, gruwelik gefolter en uiteindelik vermoor. Dit was geensins die einde van die Christelike godsdiens in Persië nie, inteendeel, besiel deur Sadoth en die ander martelare se getuienis sou die Christendom baie veld wen in die destydse Persiese ryk.